**6 Oktober** **Skrifgedeelte: Psalm 114**
**Fokusgedeelte: Psalm 114:1, 2**

**Verloste koninkryksburgers**

Toe Israel uit Egipte getrek het, toe God hulle verlos het, sê die psalmdigter, het hulle sy gewyde besit en sy magsgebied geword. Omdat Hy hulle verlos het, het hulle nou aan Hom behoort en daarom het hulle nou onder sy regering gestaan.

As ons vers 1 en 2 in Nuwe-Testamentiese taal vertaal kan ons sê: Toe Jesus Christus ons van die sonde en die dood verlos het, het ons sy gewyde besit geword en het ons sy magsgebied geword. Omdat ons nou sy gewyde besit is, moet ons ook sy magsgebied wees. Dit beteken dat ek in alles God se wil moet laat geskied en dat ek sy Woord moet gehoorsaam. Ek moet met my gehoorsaamheid wys dat God my deur sy Woord en Gees regeer! As iemand vandag na my lewe kyk, moet hulle kan sê: Waarlik, die Here regeer hier! Hierdie is ’n verloste koninkryksburger in wie die koninkryk reeds gekom het.

*Sing: Psalm 114:1* *Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)*